# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
*UITGAWE OP GESAG.* OF SOUTH WEST AFRICA. *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Donderdag, 15 Februarie 1951. WINDHOEK Thursday, 15th February, 1951. No. 1579.


## INHOUD

*Bladsy*

**PROKLAMASIES—**


No. 10. Byeenroeping van die Wetgewende Vergadering. . 1409
No. 11. Distrikspad, Distrik Outjo: Proklamering van. . 1409
No. 12. Distrikspaaie, Distrikte Gibeon en Keetmanshoop: Proklamering van. . . . . . . . 1409
No. 13. Distrikspad, Distrik Outjo: Proklamering van. . 1410


**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS—**


No. 156. Vissery-beampte: Benoeming van. . . . 1410
No. 157. Munisipaliteit Luderitz: Brand- en Brandweer Regulasies. . . . . . . . . 1411
No. 158. Huweliksamptenaar: Benoeming tot. . . . 1412
No. 159. Motorvoertuigoutoriteit: Aanstelling as. . . 1413
No. 160. Ondersoeksbeampte kragtens die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937: Aanstelling as. . . . . . . . . 1413
No. 161. Registrasie Amptenaar, Geproklameerde Gebied Luderitz: Aanstelling as. . . . . . 1413
No. 162. Gemagtigde Amptenaar te Luderitz vir die doel van die Extra-territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie 1935: Aanstelling as. . . . . . . . . 1413
No. 163. Maksimum Pryse van Batterye (Loodsuurtipe) in die Unie vervaardig. . . . . . 1413
No. 164. Sentrale Weëraad: Aanstelling van Lede. . 1415


**ALGEMENE KENNISGEWINGS—**


No. 12. Bankeopgawe — Desember 1950. . . . 1415
No. 13. Lys van Maatskappye geregistreer, ens., gedurende Januarie 1951. . . . . 1416
No. 14. Munisipaliteit Omaruru: Permanente Sluiting van Straat. . . . . . . . . . . 1416


**ADVERTENSIES—**


Boedelkennisgewings, ens., ens. . . . . . 1417


## CONTENTS

*Page*

**PROCLAMATIONS—**


No. 10. Summoning of the Legislative Assembly. . . 1409
No. 11. District Road, District Outjo: Proclamation of. 1409
No. 12. District Roads, Districts Gibeon and Keetmanshoop: Proclamation of. . . . . . 1409
No. 13. District Road, District Outjo: Proclamation of. 1410


**GOVERNMENT NOTICES—**


No. 156. Fisheries Officer: Appointment as. . . . 1410
No. 157. Municipality of Luderitz: Fire and Fire Brigade Regulations. . . . . . . . . 1411
No. 158. Marriage Officer: Appointment as. . . . 1412
No. 159. Motor Vehicle Authority: Appointment as. . 1413
No. 160. Examining Officer in terms of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937: Appointment as. . . . . . . . 1413
No. 161. Registering Officer, Proclaimed Area of Luderitz: Appointment as. . . . . . 1413
No. 162. Authorised Officer at Luderitz for the purpose of the Extra-Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935: Appointment as. 1413
No. 163. Maximum Prices of Batteries (Lead Acid Type) manufactured in the Union. . . . . 1413
No. 164. Central Roads Board: Appointment of Members. 1415


**GENERAL NOTICES—**


No. 12. Banks' Statement — December, 1950. . . 1415
No. 13. List of Companies registered, etc., during January, 1951. . . . . . . . 1416
No. 14. Municipality of Omaruru: Permanent Closing of Street. . . . . . . . . . 1416


**ADVERTISEMENTS—**


Estate Notices, etc., etc. . . . . . . 1417

## PROKLAMASIES
### VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 10 van 1951.]

NADEMAAL sub-artikel (2) van artikel *negentien* van „De Zuidwest Afrika Konstitutie Wet 1925" van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, bepaal dat die Eerste Sitting van enige Sessie van die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika, sal plaasvind op sodanige datum as die Administrateur deur proklamasie mag vasstel;

EN NADEMAAL dit dienstig is om die Wetgewende Vergadering byeen te roep;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen, die Wetgewende Vergadering by hierdie Proklamasie oproep om op Dinsdag die sewe-en-twintigste MAART 1951, byeen te kom en verklaar ek hierby dat die Eerste Sitting van die Tweede Sessie van die Sesde Wetgewende Vergadering gehou sal word te Windhoek om elf-uur in die voormiddag op die genoemde datum, vir die afhandeling van sake.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Seël te WINDHOEK hierdie Eerste dag van FEBRUARIE, Eenduisend Negehonderd-Een-en-vyftig.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

---

No. 11 van 1951.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Artikel *vier* van die Ordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1937 (Ordonnansie 7 van 1937), verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Outjo, soos beskrywe in die bylae hiervan, 'n distrikspad is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 3de dag van Februarie 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

BYLAE.

DISTRIKSPAD No. 31.

Vanaf 'n punt op Distrikspad No. 19 op die plaas Bergtoppe No. 292 in 'n algemene noordoostelike rigting oor die plase Bergtoppe No. 292, Sarie Marais No. 295, en Olifantshoek No. 297 tot 'n punt op laasgenoemde plaas en vandaar in 'n algemene suidoostelike rigting oor die plase Olifantshoek No. 297, Mon Desir No. 298, Sandrivier No. 304, Langverwag No. 305, Toggekry No. 306, Houmoed No. 311, Geluk No. 312 en oor die Kroongrond tot 'n punt op Hoofpad No. 4.

---

No. 12 van 1951.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Artikel *vier* van die Ordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1937 (Ordonnansie 7 van 1937), verklaar ek hierby dat die paaie in die distrikte van Gibeon en Keetmanshoop, in die bylae hiervan beskrywe, distrikspaaie is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 3de dag van Februarie 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

## PROCLAMATIONS
### BY THE HONOURABLE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 10 of 1951.]

WHEREAS by sub-section (2) of section *nineteen* of the South West Africa Constitution Act, 1925, of the Parliament of the Union of South Africa, it is provided that the First Sitting of any Session of the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, shall take place on such date as the Administrator may fix by proclamation;

AND WHEREAS it is expedient that the Legislative Assembly should be summoned to meet;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the power and authority in me vested, I do by this Proclamation summon the Legislative Assembly to meet on Tuesday the Twenty-seventh day of March, 1951, and I hereby declare that the First Sitting of the Second Session of the Sixth Legislative Assembly shall be held at Windhoek at eleven o'clock in the forenoon on the said date, for the dispatch of business.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Seal at Windhoek this First day of February, One Thousand Nine Hundred and Fifty-one.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

---

No. 11 of 1951.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *four* of the Roads and Outspans Ordinance, 1937 (Ordinance No. 7 of 1937), I do hereby declare that the road in the District of Outjo, as described in the Schedule hereto, shall be a District Road.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 3rd day of February, 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

SCHEDULE.

DISTRICT ROAD No. 31.

From a point on District Road No. 19 on the farm Bergtoppe No. 292 in a generally northeasterly direction via the farms Bergtoppe No. 292, Sarie Marais No. 295 and Olifantshoek No. 297, to a point on lastmentioned farm, and from there in a generally southeasterly direction via the farms Olifantshoek No. 297, Mon Desir No. 298, Sandrivier No. 304, Langverwag No. 305, Toggekry No. 306, Houmoed No. 311, Geluk No. 312 and via Crown Land to a point on Main Road No. 4.

---

No. 12 of 1951.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *four* of the Roads and Outspans Ordinance, 1937 (Ordinance No. 7 of 1937), I do hereby declare that the roads in the districts of Gibeon and Keetmanshoop, described in the schedule hereto, shall be District Roads.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 3rd day of February, 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

BYLAE.

GIBEON.

DISTRIKSPAD No. 60.

Vanaf 'n punt op Distrikspad No. 39 op die suidoostelike grens van die plaas Eindpaal No. 195 algemeen suidooswaarts oor die plase Weilenrode No. 485, noordoostelike hoek van Alpha No. 487, suidwestelike deel van plaas No. 481, oostelike deel van Alpha No. 487, suidelike deel van Katziesdraai No. 483, noordelike deel van Constantia No. 489, suidwestelike hoek van Tweerivier No. 481, Grensplaas No. 490, Kinkel No. 491, Rosenstein No. 492, en die suidwestelike deel van plaas No. 493, om aan te sluit met Distrikspad No. 107, in die distrik van Keetmanshoop, op die noordwestelike grens van die plaas Sandheuwel No. 325 in die distrik van Keetmanshoop.

KEETMANSHOOP.

DISTRIKSPAD No. 107.

Vanaf 'n punt op Distrikspad No. 60 in die distrik van Gibeon, op die suidoostelike grens van plaas No. 493, in die distrik van Gibeon, algemeen suidooswaarts oor die plaas Sandheuwel No. 325, oostelike deel van plaas No. 330, suidwestelike hoek van plaas No. 326, oostelike deel van plaas No. 329, en Sitsas No. 328, tot 'n punt op die oostelike grens van die laasgenoemde plaas.

SCHEDULE.

GIBEON.

DISTRICT ROAD No. 60.

From a point on District Road No. 39 on the southeastern boundary of the farm Eindpaal No. 195, generally southeastwards via the farms Weilenrode No. 485, northeastern corner of Alpha No. 487, southwestern portion of Farm No. 481, eastern portion of Alpha No. 487, southern portion of Katziesdraai No. 483, northern portion of Constantia No. 489, southwestern corner of Tweerivier No. 481, Grensplaas No. 490, Kinkel No. 491, Rosenstein No. 492, and the southwestern portion of Farm No. 493, to connect with District Road No. 107 in the district of Keetmanshoop, on the northwestern boundary of the farm Sandheuwel No. 325, in the district of Keetmanshoop.

KEETMANSHOOP.

DISTRICT ROAD No. 107.

From a point on the District Road No. 60, in the district of Gibeon, on the southeastern boundary of Farm No. 493, in the district of Gibeon, generally southeastwards via the farms Sandheuwel No. 325, eastern portion of Farm No. 330, southwestern corner of Farm No. 326, eastern portion of Farm No. 329, and Sitsas No. 328, to a point on the eastern boundary of the lastmentioned farm.

No. 13 van 1951.]

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Artikel *vier* van die Ordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1937 (Ordonnansie 7 van 1937), verklaar ek hierby dat die pad in die distrik Outjo, in die bylae hiervan beskrywe, 'n distrikspad is.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hede die 3de dag van Februarie 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

BYLAE.

DISTRIKSPAD No. 29.

Vanaf 'n punt op Distrikspad No. 20 op die plaas Gross Omaruru No. 20 in 'n algemene oostelike rigting oor die plase Gross Omaruru No. 20, Tamboerskloof No. 19, Rhinelands No. 18, Eduardsfelde No. 17, dan vanaf 'n punt op laasgenoemde plaas in 'n noordoostelike rigting oor die plase Eduardsfelde No. 17, Rehderstal No. 23, Teschendorf No. 24, Leicester No. 43, Saratoga No. 42 en Hohenstein No. 39 om aan te sluit met Hoofpad No. 2 tot 'n punt op laasgenoemde plaas.

No. 13 of 1951.]

Under and by virtue of the powers in me vested by Section *four* of the Roads and Outspans Ordinance, 1937 (Ordinance No. 7 of 1937), I do hereby declare that the road in the District of Outjo, as described in the Schedule hereto, shall be a District Road.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 3rd day of February, 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

SCHEDULE.

DISTRICT ROAD No. 29.

From a point on District Road No. 20 on the farm Gross Omaruru No. 20, generally eastwards via the farms Gross Omaruru No. 20, Tamboerskloof No. 19, Rhinelands No. 18, Eduardsfelde No. 17, thence from a point on the lastmentioned farm in a northeasterly direction via the farms Eduardsfelde No. 17, Rehderstal No. 23, Teschendorf No. 24, Leicester No. 43, Saratoga No. 42 and Hohenstein No. 39 to connect with Main Road No. 2 at a point on the lastmentioned farm.

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrateurskantoor,
Windhoek.

No. 156.] [15 Februarie 1951.

BENOEMING VAN VISSERY-BEAMPTE.

Dit word vir algemene inligting bekend gemaak dat dit Sy Edele die Administrateur behaag het om ingevolge die bepalings van artikel 11 van die Robbevangs en Visserye Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 12 van 1949), vir Dr. N. Jacobson, van Luderitz, aan te stel as Inspekteur ter uitvoering van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings 75, 76, 77 van 1 April 1949, en Goewermentskennisgewing 215 van 15 Augustus 1949.

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 156.] [15th February, 1951.

APPOINTMENT OF FISHERIES OFFICER.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Administrator has been pleased, in terms of section *eleven* of the Sealing and Fisheries Ordinance, 1949 (Ordinance No. 12 of 1949), to appoint Dr. N. Jacobson of Luderitz, as an Inspector for the purpose of the regulations published under Government Notices Nos. 75, 76 and 77 of the 1st April, 1949, and Government Notice No. 215 of the 15th August, 1949.

No. 157.] [15 Februarie 1951.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *eenhonderd-en-sestig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande regulasies wat opgestel is deur die Stadsraad van Luderitz.

DIE MUNISIPALITEIT LUDERITZ.

BRAND EN BRANDWEERREGULASIES.

1. (a) Ter uitvoering van die onderstaande regulasies stel die Raad 'n Munisipale Brandweerdiens in, hou hy so 'n diens in stand, en stel hy brandweermanne daarvoor aan.

(b) Onderweg na 'n brand het brandweermanne met hulle voertuie, toerusting en bybehore die voorkeur bo elke ander soort verkeer op elke straat, plein en deurgang binne die Raadsgebied.

2. Die toesigbeampte van die Munisipale Brandweer (hierna heet hy die Brandmeester) of sy adjunk moet, met sodanige toestelle en brandweermanne, soos hy nodig ag, by 'n brand teenwoordig wees; hy kan na goeddunke die dienste benut van diegene wat hulle tot sy beskikking stel, en kan voorts die bevel oor hulle voer, en oor die algemeen enige maatreël tref ter beskerming van lewens en eiendom, en ter brandblussing of voorkoming; en in die besonder kan hy, waar die brandtoestand dit vereis, 'n gebou binne-, deur- of afbreek, of beset, maar dan met die mins moontlike skade, en het hy die toegangs- en gebruiksreg op elke naburige waterkraan en ander brandblusgerief, hetsy privaat of publiek.

3. Die polisie of die brandweermanne kan uit eie beweging, of op versoek van die Brandmeester, elke straat, laan of deurgang in die buurt van 'n brand tydelik sluit, en kan voorts elkeen verjaag wat die brandweer- of polisiebedrywighede enigsins belemmer.

4. Die Raad stel vas in watter verhouding die eienaar/s van 'n gebou of geboue wat aan die brand was, of wat, volgens die Brandweerhoof meen, in brandgevaar verkeer het, billikerwys die koste van die gebruikte bluswater moet dra.

5. Die eienaars van 'n gebou of grond waarop of waarin 'n brand ontstaan, word deur die Raad aanspreeklik gehou vir die dienste van die brandweer en die gebruik van die brandspuit en die blustoestelle volgens tarief skaal A hiervan, en indien die geboue of gronde van meer as een eienaar deur so 'n brand getref word, moet die totale brandweergelde na die verhouding wat die Raad as redelik en billik beskou onder sodanige eienaars verdeel word. Die Raad kan in 'n regsbevoegde hof die bedrag of eweredige deel daarvan van so 'n eienaar verhaal.

6. Die Raad kan van die eienaar van roerende goedere wat uit 'n brand gered is alle uitgawes terugvorder, behalwe dié waaroor die voorafgaande regulasies beskik, wat deur die Raad of sy beamptes of sy bediendes in verband met die redding, verwydering of bewaring van sodanige eiendom aangegaan is.

7. Elkeen wat 'n brandweerman by die uitvoering van sy pligte, of 'n lid van die polisie of iemand anders wat onder bevel staan van die Brandmeester, enigsins hoegenaamd belemmer, of wat hom met die waterslang van 'n brandspuit of ander brandblustoestel wat gebruik word by 'n brand of brandoefening bemoei, daaroor ry of enigsins beskadig, is skuldig aan 'n oortreding.

8. Elkeen wat nie 'n offisier of lid van die Raad se Brandweer is nie en wat die erkende uniform van die Brandweer dra of wat hom enigsins voordoen as 'n offisier, brandweerman of lid van die Brandweer, is skuldig aan 'n oortreding.

9. Elkeen wat hout, voer, leë pakkiste of ander ontvlambare goed in sulke hoeveelhede of op so 'n plek of op so 'n wyse opgaar of laat opgaar dat dit 'n gebou of ander eiendom in brandgevaar stel, kan deur die Stadsklerk skriftelik gelas word om sodanige goed te verwyder of ander redelike voorsorgsmaatreëls te tref binne 'n tydperk wat in so 'n lasbrief aangedui word. Iemand wat so 'n lasbrief verontagsaam is skuldig aan 'n oortreding.

No. 157.] [15th February, 1951.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and sixty* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949) to approve of the following regulations framed by the Municipal Council of Luderitz.

MUNICIPALITY OF LUDERITZ.

REGULATIONS RELATING TO FIRES AND THE MUNICIPAL FIRE BRIGADE.

1. (a) For the purpose of giving effect to these regulations the Council shall establish and maintain a Fire Service Department and appoint a Fire Brigade.

(b) Members of the Fire Brigade, whilst proceeding on any of their machines or vehicles to a fire, shall have the preferent right-of-way over all classes of traffic in any street, thoroughfare or open space within the area of jurisdiction of the Council.

2. On the occasion of any fire the Official in Charge of the Municipal Fire Brigade (hereinafter called "the Firemaster") or his deputy shall attend with such men and appliances as he may deem necessary and may, in his discretion, avail himself of the assistance and take command of any persons who may voluntarily place their services at his disposal, and generally may take any measure that may appear expedient for the protection of life and property or the prevention or the extinction of fire; and, in particular he may, if it should be necessary for such purpose, break into or through or take possession of or pull down any premises, doing as little damage as possible, and shall have the free right of access to and liberty to draw or take water from any hydrants, tanks, cisterns, pipes or other supplies, whether on public or private property.

3. Any street, passage or thoroughfare in or near which a fire exists may be temporarily closed, and the police or any fireman may, on own motion or at the request or order of an officer of the Fire Service Department, or of the Fire Brigade, remove any persons who by their presence or otherwise interfere with the operations of the Fire Brigade on police.

4. The Council may recover the expense incurred by them in respect of water at any fire from the owner or owners of any bulding or buildings which were on fire or, in the opinion of the Firemaster, were endangered by the fire; and such owners shall be liable in such proportions as the Council may consider fair and reasonable.

5. The owners of any buildings or land upon which a fire shall take place shall be liable to the Council for the services of the Fire Brigade and the use of the fire engine and appliances in terms of the tariff appearing in schedule "A" hereto; and in the event of the buildings or lands of more than one owner being affected by such fire, the charges for the service of the Fire Brigade and engines and appliances shall be distributed between such owners in such proportion as the Council may consider fair and reasonable. The Council shall be entitled to recover in any court of competent jurisdiction the amount or proportionate amount due by any such owner.

6. The Council may recover from the owner of any movable property salved at any fire all expenses other than those provided for in the last preceding regulation which may been incurred by the Council or any of their officers or servants in and about the salving, removal or storage of such property.

7. Any person who shall interfere with, molest or obstruct any officer or member of the Fire Brigade in the execution of his duty, or any member of the police or other person acting under the orders of the Firemaster, or who shall interfere with, drive over or in any way damage the hose or any engine or any other appliance in the use by the Fire Brigade whilst engaged in preventing or extinguishing a fire or at training drill shall be guilty of an offence.

8. Any person, not being an officer or member of the Fire Brigade of the Council, who shall wear its recognised uniform or in any way represent himself to be an officer, fireman or member of the Fire Brigade, shall be guilty of an offence.

9. If any person shall store or cause to be stored any timber, forage, empty packing cases, straw or other combustible material in such quantities or in such situation or in such manner as to cause serious danger of fire to any buildings or other property, the Town Clerk may by notice in writing require such person to remove such material or to take other reasonable precautions within a period to be fixed in the notice. Any person who shall fail to comply with such notice shall be guilty of an offence.

No. 159.] [15 Februarie 1951.

Ingevolge subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937), stel ek, PETRUS IMKER HOOGENHOUT, Administrateur van Suidwes-Afrika, hiermee die lid van die Suid-Afrikaanse Polisiemag genoem in die Bylae hiervan, aan as „Motorvoertuigoutoriteit".

Gedateer te Windhoek op hede die 5de dag van Februarie 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

BYLAE.

GROOTFONTEIN:

No. 19434 (B) 2/Serst. FRANS PIETER HARTMAN.

No. 159.] [15th February, 1951.

Under sub-section (1) of Section *twenty-one* of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937), I, PETRUS IMKER HOOGENHOUT, Administrator of South West Africa, do hereby appoint the member of the South African Police Force mentioned in the Schedule hereto as a "Motor Vehicle Authority".

Dated at Windhoek this 5th day of February, 1951.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

SCHEDULE.

GROOTFONTEIN:

No. 19434 (M) 2/Sergt. FRANS PIETER HARTMAN.

No. 160.] [15 Februarie 1951.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *nege* van die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937), die lid van die Suid-Afrikaanse Polisiemag genoem in die Bylae hiervan aan te stel as „Ondersoeksbeampte" vir die doel om ondersoek te doen na die bevoegdheid van applikante vir lisensies om motorvoertuie te bestuur.

BYLAE.

GROOTFONTEIN:

No. 19434 (B) 2/Serst. FRANS PIETER HARTMAN.

No. 160.] [15th February, 1951.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (2) of Section *nine* of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937), to appoint the member of the South African Police Force mentioned in the Schedule hereto to be "Examining Officer" for the purpose of testing the competency of applicants for licences to drive motor vehicles.

SCHEDULE.

GROOTFONTEIN:

No. 19434 (M) 2/Sergt. FRANS PIETER HARTMAN.

No. 161.] [15 Februarie 1951.

Dit het die Administrateur behaag om die aanstelling van Mnr. JOHANNES ABRAHAM LOUBSER as 'n Registrasie Amptenaar, vir die doel om die magte uit te oefen en die pligte te vervul wat aan Registrasie Amptenare aangewys is ingevolge die regulasies onder die bepalings van „De Naturellen (Stedelike Gebieden) Proklamatie 1924" (No. 34 van 1924), opgetrek ten opsigte van die geproklameerde gebied van LUDERITZ soos gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 130 gedagteken die 10de dag van Julie 1930, in die plek van Mnr. J. A. OOSTHUIZEN, wie bedank het, goed te keur.

No. 161.] [15th February, 1951.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. JOHANNES ABRAHAM LOUBSER as a Registering Officer, for the purpose of exercising the powers and performing the duties assigned to Registering Officers by the regulations framed under the provisions of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1924 (Proclamation No. 34 of 1924), in respect of the proclaimed area of LUDERITZ, as published under Government Notice No. 130, dated the 10th of July, 1930, vice Mr. J. A. OOSTHUIZEN, resigned.

No. 162.] [15 Februarie 1951.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Mnr. JOHANNES ABRAHAM LOUBSER as 'n Gemagtigde Amptenaar te LUDERITZ vir die doel van die Extra-Territoriale en Noordelike Inboorlinge Kontrole Proklamasie 1935 (Proklamasie No. 29 van 1935) met ingang vanaf die datum van sy indienstreding in die plek van Mnr. J. A. OOSTHUIZEN, wie bedank het.

No. 162.] [15th February, 1951.

The Administrator has been pleased to approve of the appointment of Mr. JOHANNES ABRAHAM LOUBSER as an Authorised Officer at LUDERITZ for the purpose of the Extra-Territorial and Northern Natives Control Proclamation, 1935 (Proclamation No. 29 of 1935), with effect from the date of his assumption of duty, vice Mr. J. A. OOSTHUIZEN, resigned.

No. 163.] [15 Februarie 1951.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN BATTERYE (LOODSUURTIPE) VERVAARDIG IN DIE UNIE.

Ek, Frederick Viljoen Ashpole, Pryskontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, bepaal hierby vir die Mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, as volg:—

1. Die maksimum prys waarteen 'n nuwe battery, op voorwaarde dat £1. 5s. betaal word ten opsigte van 'n gebruikte battery wat deur die koper van 'n nuwe battery ingelewer word ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 2410 van 11 November 1949 (Unie) aan 'n groothandeldistribueerder verkoop mag word, is die prys ten opsigte van sodanige battery soos aangegee in kolom (1) van die Bylae hiervan.

2. Die maksimum prys waarteen 'n nuwe battery, op voorwaarde dat £1. 5s. betaal word ten opsigte van 'n gebruikte battery wat deur die koper van 'n nuwe battery ingelewer word ooreenkomstig Goewermentskennisgewing No. 2410 van 11 November 1949 (Unie), aan 'n kleinhandelaar verkoop mag word, is die prys ten opsigte van sodanige battery soos aangegee in kolom (2) van die Bylae hiervan; met dien verstande dat as 'n battery aan 'n kleinhandelaar verkoop word deur 'n groothandelaar wat spoorvrag ten opsigte daarvan aangegaan het, die spoorvrag by die maksimum prys, aangegee in die kolom (2) van die Bylae, gevoeg mag word.

No. 163.] [15th February, 1951.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF BATTERIES (LEAD ACID TYPE) MANUFACTURED IN THE UNION.

In terms of Regulation 3 of War Measure No. 49 van 1946, I, Frederick Viljoen Ashpole, Price Controller, do hereby throughout the Mandated Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay:—

1. Fix the maximum price at which, subject to payment of £1. 5s. in respect of the used battery surrendered by the purchaser of the new battery in terms of Government Notice No. 2410 of 11th November, 1949 (Union), a new battery may be sold to a wholesale distributor at the price specified in respect of such battery in column (1) of the Schedule hereto.

2. Fix the maximum price at which, subject to payment of £1. 5s. in respect of the used battery surrendered by the purchaser of the new battery in terms of Government Notice No. 2410 of 11th November, 1949 (Union), a new battery may be sold to a retailer at the price specified in respect of such battery in column (2) of the Schedule hereto; provided that if any such battery is sold to a retailer by a wholesaler who has incurred railage charges thereon, such railage charge may be added to the maximum price specified in column (2) of the Schedule.

(b) Groothandelaars se maksimum prys vry op spoor vir kleinhandelaar. Spoor- en karweikoste deur groothandelaar by aankoop van vervaardiger betaal, mag bygevoeg word.

Kolom (3).—Kleinhandelaars se maksimum prys vir uiteindelike koper, onderworpe aan die byvoeging van (i) spoorvrag en karweikoste (as daar is) wat deur die groothandelaar van die kleinhandelaar gevorder is (sien opmerking (b) hierbo) en/of (ii) spoorvrag en karweikoste (as daar is) deur die kleinhandelaar self aangegaan.

*Elke geval is onderworpe aan 'n afslag vir gebruikte batterye wat ingelewer word.*

(b) Wholesaler's free on rail maximum price to retailer railage and cartage paid by wholesaler in acquiring from manufacturer may be added.

Column (3)—Retailer's maximum price to end-purchaser, subject to addition of (i) railage and cartage (if any) charged by wholesaler to retailer (see note (b) above) and/or (ii) railage and cartage (if any) incurred directly by retailer.

*In each case subject to allowance for used battery surrendered.*

No. 164.] [15 Februarie 1951.

SENTRALE WEERAAD: AANSTELLING VAN LEDE.

Dit het die Administrateur behaag om, ingevolge die bepalings van artikel 6 (1) (c) van die Ordonnansie op Paaie en Uitspanplekke 1937 (Ordonnansie 7 van 1937), soos gewysig deur Ordonnansie 7 van 1945, sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van die volgende persone as lede van die Sentrale Weëraad vir 'n tydperk van een jaar, met ingang vanaf die 1ste Januarie, 1951:—

Die Beampte in-bevel van Paaie (Voorsitter).

Mnr. P. J. G. Enslin, Sania, Windhoek.

Mnr. J. P. Brandt, Tarra Vogelweide, P.K. Stamprietfontein.

Mnr. Piet Meyer, Outjo (Kalkfeld).

Mnr. C. J. van Tonder, Garage-Hausen, P.K. Otavi.

Mnr. W. Wagner, Otjisuse, P.K. Okasise.

Mnr. N. van Niekerk, Jakhalskuppe, P.K. Bethanie.

No. 164.] [15th February, 1951.

CENTRAL ROADS BOARD: APPOINTMENT OF MEMBERS.

The Administrator has been pleased, under the provisions of section 6 (1) (c) of the Roads and Outspans Ordinance, 1937 (Ordinance No. 7 of 1937), as amended by Ordinance No. 7 of 1945, to approve of the appointment of the following persons as members of the Central Roads Board for a period of one year, with effect from the 1st January, 1951:—

The Officer-in-charge of Roads Branch (Chairman).

Mr. P. J. G. Enslin, Sania, Windhoek.

Mr. J. P. Brandt, Tarra Vogelweide, P.O. Stamprietfontein.

Mr. Piet Meyer, Outjo (Kalkfeld).

Mr. C. J. van Tonder, Garage-Hausen, P. O. Otavi.

Mr. W. Wagner, Otjisuse, P.O. Okasise.

Mr. N. van Niekerk, Jakhalskuppe, P.O. Bethanie.

# Algemene Kennisgewings. | General Notices.

(No. 12 van/of 1951.)

BANKEOPGAWE DESEMBER 1950, INGEVOLGE ARTIKEL 7 VAN PROKLAMASIE No. 29 VAN 1930, DIE BANKEPROKLAMASIE 1930.

BANKS' STATEMENT, DECEMBER, 1950, IN TERMS OF SECTION 7 OF PROCLAMATION No. 29 OF 1930, THE BANKS PROCLAMATION, 1930.

| BANK | Verpligtings teenoor die Publiek in Suidwes-Afrika. Liabilities to the Public in S.W. Africa. | | | | Kontant Geldreserwe in S.W.-Afrika. Cash Reserve in South West Africa. | | | | Voorskotte en Diskontos in Suidwes-Afrika. Advances and Discounts in South West Africa | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Deposito's, ens. / Deposits, etc. | | | | | | | | | |
| | Opvorderbare Demand | Tyd Time | Banknote uitgereik in en betaalb. in d Gebied van S.W.-Afrika in omloop. Bank notes issued in and payable in the Territory of S.W. Africa in circulation | TOTAAL TOTAL | Gemunte Goud Gold coin | Pasmunt Subsidiary coin | S.A. Reserwe banknote S.A. Reserve Bank Notes | Note van ander banke wat in S.W.-Afrika uitgereik is. Notes of other banks S.W. Africa issue. | Voorskotte Advances | Diskontos Discounts |
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| Standard Bank of South Africa, Limited | 3,967,261 | 120,796 | 470,407 | 4,558,464 | — | 21,127 | 416,349 | 8,940 | 1,201,407 | 98,672 |
| Barclays Bank (Dominion, Colonial & Overseas) | 3,087,731 | 104,151 | 342,774 | 3,534,656 | — | 8,389 | 279,726 | 6,974 | 813,154 | |
| Ohlthaver & List Trust Co., Ltd. | 43,139 | 15,952 | | 59,091 | — | 6 | 4,000 | 2,390 | 34,115 | |
| Suid-Afrikaanse Spaar- & Voorskotbank Bpk. | — | — | — | — | — | 11 | 441 | 204 | 116,010 | |
| Volkskas Beperk | 237,042 | 26,370 | 31,751 | 295,163 | — | 2,656 | 22,505 | 4,505 | 168,444 | |

(No. 13 van 1951.)

Vir algemene inligting word dit hiermee bekend gemaak dat die ondervermelde registrasies gedurende die tydperk eindigende 31ste Januarie 1951 in hierdie kantoor plaasgevind het.

L. C. H. BILLETT,
Registrateur van Maatskappye.

Registrasiekantoor van Maatskappye,
Windhoek, 2de Februarie 1951.

(No. 13 of 1951.)

It is hereby notified for general information that the undermentioned registrations have been effected in this office during the period ended 31st January, 1951.

L. C. H. BILLETT,
Registrar of Companies.

Companies Registration Office,
Windhoek, 2nd February, 1951.

**MAATSKAPPYE GEREGISTREER. — COMPANIES REGISTERED.**

| No. | Naam van Maatskappy. Name of Company. | Adres/Address | Kapitaal/Capital | Datum/Date |
|---|---|---|---|---|
| 487. | W. Sager (Pty) Ltd. | Erf 45, Karibib | £10,000 | 15.1.1951 |
| 488. | Alpha Flats (Pty) Ltd. | Erf 710, 20th Avenue, Windhoek | £100 | 23.1.1951 |
| 489. | J. J. Van Zyl (Pty) Ltd. | Room 21, Continental Buildings, Windhoek | £2,000 | 21.1.1951 |

**BUITELANDSE MAATSKAPPYE GEREGISTREER. — FOREIGN COMPANIES REGISTERED.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 163. | Thos. Cook & Son (S.A.) Limited | c/o. F. W. L. Schroeder, Kaiser Street, Windhoek | £20,000 | 5.1.1951 |

**VERMEERDERING VAN KAPITAAL. — INCREASE OF CAPITAL.**
